

SARS kondig die begin van die belastingseisoen vir die 2024-belastingjaar aan

Tshwane, 28 Junie 2024 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) kondig 15 Julie 2024 as die begin van die belastingseisoen vir voorlopige- en nievoorlopige belastingpligtiges, wat 'n belastingopgawe moet indien, aan. Outo-aanslae vir 'n uitgebreide poel belastingpligtiges sal van 1 tot 14 Julie 2024 in aanvang wees.

Belastingpligtiges wat se kontakbesonderhede, soos e-posadres, selfoonnommer of bankbesonderhede, verander het, moet sodanige besonderhede op eFiling of die SARS MobiApp bywerk om 'n maklike en soomlose belastingseisoen te fasiliteer. Die bywerking van hierdie inligting dra by tot die voorkoming van bedrog en identiteitsdiefstal.

SARS Kommissaris, Edward Kieswetter, verseker belastingpligtiges dat SARS toegewyd bly tot sy doelwit om Belastingseisoen vir standaardbelastingpligtiges 'n onsigbare proses te maak wat min of geen aksie van die belastingpligtige verg nie, te danke aan die gebruik van groot data, masjien-aanlering en algoritmes.

Ingevolge die strategiese oogmerk om dit maklik en eenvoudig vir belastingpligtiges te maak om hulle wetlike verpligtinge na te kom, kondig SARS met trots aan dat die poel belastingpligtiges wat outo-aanslae sal ontvang tot nagenoeg 4.8 miljoen hierdie jaar styg, vergeleke die nagenoeg 3.8 miljoen belastingpligtiges verlede jaar.

Belastingpligtiges wat met die outo-aanslae saamstem hoef niks verder te doen nie. Indien 'n terugbetaling verskuldig is, sal dit binne 72 uur uitbetaal. Indien belasting aan SARS verskuldig is moet die belastingpligtige dit teen die sperdatum betaal.

Indien 'n belastingpligtige nie met die outo-aanslag saamstem nie, moet hulle alle toepaslike veranderinge aanbring en hulle opgawe op die gewone wyse deur eFiling of die SARS MobiApp indien op of voor 21 Oktober 2024 wat die sperdatum vir nievoorlopige belastingpligtiges is.

Belastingseisoendatums:

- Outo-aanslagkennisgewings: 1 - 14 Julie 2024
- Individuele belastingpligtiges (nievoorlopig): 15 Julie - 21 Oktober 2024
- Voorlopige belastingpligtiges: 15 Julie 2024 - 20 Januarie 2025
- Trusts: 16 September 2024 - 20 Januarie 2025

Kommissaris Kieswetter het gesê: "Die groot aantal digitale platforms wat aan belastingpligtiges beskikbaar is, ondersteun die neiging van 'n verminderende aantal belastingpligtiges wat takke moet besoek en in lang toue staan." Daar word verwag dat, in die eerste twee weke van Julie en die eerste twee weke van Oktober, belastingpligtiges by tye langer as gewoonlik sal moet wag te midde van belastingpligtiges wat hulle na SARS haas.

Belastingpligtiges wat outo-aanslae ontvang, maar 'n sonkragkorting wil eis, moet hulle belastingopgawe voltooi en op die gewone wyse indien. Meer inligting oor die sonkragbelastingkorting is op die SARS-webtuiste by sars.gov.za beskikbaar.

Belastingpligtiges kan SARS ook deur die SARS-aanlynnavraagstelsel kontak. Die SARS-aanlynnavraagstelsel is 'n aanlyn platform op die SARS-webtuiste (<https://tools.sars.gov.za/sogs>) wat maklik is om te gebruik. Belastingpligtiges kan hierdie diens gebruik sonder om 'n SARS-tak te besoek of om SARS te skakel. Die SARS-aanlynnavraagstelsel stel belastingpligtiges in staat om:

- a. 'n Betalingverwysingsnavraag te rig.
- b. Jou belastingverwysingsnommer te versoek.
- c. Stawende dokumente in te dien as SARS dit versoek.
- d. 'n Nuwe boedelsaak aan te meld.
- e. Geregistreerde verteenwoordiger by te werk.
- f. Jou belastingnakomingstatus te versoek.
- g. Jou belastingnakomingstatus te verifieer.
- h. Na te gaan of 'n belastingpligtige 'n outo-aanslag sal ontvang, hoewel dit slegs gedoen kan word wanneer die outo-aanslagproses op 1 Julie begin het.

Bykomende inligting in die vorm van vrae en antwoorde is beskikbaar op die SARS-webtuiste [Tax Season | South African Revenue Service \(sars.gov.za\)](https://sars.gov.za/tax-season). Belastingpligtiges kan ook met SARS skakel deur Lwazi, die kletsbot, of die "live agent"-funksie op eFiling en die SARS MobiApp.

Kommissaris Kieswetter moedig belastingpligtiges aan om deursigtig en akkuraat te wees wanneer hulle belastingopgawes indien om sodoende 'n konstruktiewe verhouding met SARS te hê. "Die gebruik van tegnologie en data het SARS se vermoë om gevalle van nienakoming na te speur versterk. Belastingpligtiges moenie hulle uitgawes oordryf of hulle inkomste onderverklaar om ontoelaatbare terugbetalings te ontvang nie. Om nie huurinkomste in te sluit nie is 'n voorbeeld hiervan. Sulke optrede sal die belastingpligtige potensieel aan bedrog skuldig maak."

SARS bedank nakomende werkgewers en derdepartydataverskaffers wat hulle 2024-indieningsperdatum nagekom het. Inligting wat akkuraat en betyds tydens hierdie proses verskaf is, help werknemers om tydens Belastingseisoen moeiteloos en maklik met SARS sake te doen. Werkgewers en derdepartye wat nienakomend is, maak dit vir werknemers moeilik om sake met SARS te doen en sal vervolg word vir oortreding van die wet.

Belastingpligtiges kan meer te wete kom oor hoe om SARS se digitale platforms te gebruik deur die SARS TV YouTube-kanaal te besoek vir gedetailleerde video-tutoriale, of deur die SARS-webtuiste (www.sars.gov.za) te besoek.

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.